Die Christen se reaksie op die VSA-VERKIESING

—deur Peter Hammond

DEMOKRATE

- Filosofie: Liberaal
- Ekonomie: Ten gunste van minimum lone en hoër belasting vir die hoër inkomstegroep
- Siening oor militêre sake:Verminderde uitgawe
- Gay-huwelike: Steun (sommige stem nie saam nie)
- Pro-aborsie: (sommige stem nie saam nie)
- Tradisioneel sterk in: Kalifornië, Massachusetts
- Bekende presidente: Woodrow Wilson, Franklin D. Roosevelt, John F Kennedy, Jimmy Carter, Bill Clinton

REPUBLIKEINE

- Filosofie: Konserwatief
- Ekonomie: Glo belasting behoort nie te verhoog nie en lone moet deur die vrye mark bepaal word
- Siening oor militêre sake: Verhoog uitgawes
- Gay-huwelike: Staan dit teen (sommige stem nie saam nie)
- Teen die wettiging en bevordering van aborsie (sommige stem nie saam nie)
- Tradisioneel baie sterk in: Oklahoma, Kansas, Texas
- Bekende presidente: Abraham Lincoln, Teddy Roosevelt, Richard Nixon, Ronald Reagan, George Bush

Barack Hussein Obama sal later hierdie maand as die 57ste president van die Verenigde State van Amerika ingesweer word. Sy tweede termyn in die kantoor sal vir 'n verdere vier jaar duur en het wêreldwye implikasies op politieke, ekonomiese, sosiale en godsdiensvryheidsgebied. Met hierdie feit in gedagte, vra Christene in Amerika en regoor die wêreld hulleself die vraag: "Wat nou?" Hoe moet hulle reageer op die blatante waarde- en kultuurverskuiwing wat in die VSA plaasgevind het, en om vir die tweede agtereenvolgende keer aan die verloorkant te wees.

Geloof en vrees is nie vriende nie. Vrees die Here, nie die land nie. Ons gelowiges weet ons hoop is slegs in Christus.

"Eerstens spoor ek jou aan om vir alle mense te bid. Terwyl jy jou versoeke rig, smeek God se onverdiende goedheid daaroor af en dank Hom. Bid só vir konings en alle ander in gesagsposisies sodat ons in vrede en rustigheid kan lewe. Só is dit goed en aanneemlik vir God ons Vader, want Hy wil hê dat almal gered word en die waarheid verstaan."
1 Tim 2:1-4

Nie tyd vir wanhoop nie

Napoleon het verklaar: "'n Goeie generaal behoort nie deur enige oorwinning opgeblase te wees of depressief deur enige nederlaag gelaat te word nie." Hy het voortgegaan deur daarop te wys dat enige mens onmiddellik na enige oorwinning baie broos is. Die troepe vier fees, hulle drink en muit en is ongeorganiseerd, opgeblase en dus baie broos – en dit maak die teenaanval makliker.

Vir diegene wat deur nederlaag in die gesig gestaar word, is daar nie tyd vir depressie nie, maar dit is die absoluut ideale tyd vir hergroepering en herbeplanning vir die teenaanval. Die gevaar bestaan dat oorwinning liberales oorgerus sal laat.

Onvermydelike gevolge...

Die Bybel leer ons dat ons die regerings kry wat ons verdien. Dwarsdeur die Ou Testament word bose regerings as God se oordeel oor 'n bose samelewing beskou. Indien ons die regerings kry wat ons verdien, wat is die boodskap wat deur hierdie oorwinning oor ons samelewing uitgespreek word? Wat ons saai sal ons maai. Alles het gevolge...

Die effek van generasies van sekulêre humanistiese, evolusionêre, situasionele etiese breinspoeling in die opvoedingstelsel, is duidelik sigbaar. Die degeneratiewe inhoud wat oor die algemeen deur Hollywood die wêreld ingestuur word, is groot afleiding, maar het in baie opsigte ook 'n degraderende invloed. Die nuusmedia het mense se persepsie van die werklikheid in 'n groot mate verwring.

Waar het dinge verkeerd geloop?

Waar het ons dus fouteer? Belangriker nog: wat sê die toestand van ons regering en hierdie verkiesing oor ons kerke? Heeltemal te veel kerke is bloot binnewaarts gerig, neutraal of totaal passief en onaktief (in Amerika en ook wêreldwyd).

Post-mortem van gebeure

Die Republikeinse Party behoort baie ernstige ondersoek te doen en vas te stel waar sake tydens hierdie verkiesing verkeerd geloop het. Dit is 'n feit dat die republikeine miljoene Protestante en Evangelies-gesindes afgeskrik het. Honderde duisende, moontlik nog miljoene, kritiese Protestante kiesers het óf nie gestem nie, óf het uit protes vir 'n derde kandidaat gestem. Die republikeine behoort hulself die vraag te vra: "Waarom?"

Dié VSA-verkiesing was beslis 'n wekroep vir Christene wêreldwyd – die keuse van president was tussen 'n militante pro-aborsie voorstander en 'n lid van 'n kultusgroep.

Geloofsake is belangrik

Baie Protestante het, op grond van hulle gewete, nie vir 'n Mormoonse kandidaat gestem nie. Ander het weer daarop gewys dat geen heersende demokratiese president nog ooit deur 'n gematigde republikein uit die kussings gelig is nie. Slegs 'n baie konserwatiewe kandidaat, soos Ronald Reagan, kon dit vermag om 'n demokraat uit die kussings te lig.

Onbestendigheid binne die party

Hoewel die Republikeinse Party baie invloedrykes het wat pro-lewe- en pro-gesinswaardes steun, is dit nie op alle kandidate of beleide van toepassing sodra hulle in beheer kom nie. Die republikeine behoort hulleself die vraag af te vra hoe hulle miljoene Evangelies-gesinde kiesers afgeskrik het. Hulle behoort dan hulle toekomstige veldtogte te beplan en seker te maak dat hulle die vertroue van dié wat van hulle vervreem is, terugwen. Hulle sal ook moet leer om met kiesers uit verskillende kultuur- en demografiese agtergronde (Latino's, swart kiesers en die jeug) kontak te maak omdat dit juis »

"Loof die Naam van die Here God vir altyd, ja, altyd: aan Hom behoort wysheid en krag; Hy bepaal tye en geleenthede; Hy sit konings af en stel konings aan; Hy gee wysheid vir dié wat wys is en kennis vir dié wat insig het; Hy maak dinge oop wat diep weggesteek is; Hy weet wat in die donker gebeur en by Hom is daar lig; Ek loof en prys U God van my voorouers; U het my wysheid en krag gegee..."
Dan 2:20-23

Die Christen se reaksie op die VSA-VERKIESING

"Die erfenis wat ons aan ons kinders, kleinkinders en die nasie nalaat, is uiters belangrik. Met my 94ste verjaarsdag voor die deur, besef ek hierdie verkiesing is my laaste. Ek glo dit is lewensbelangrik dat ons vir die kandidate stem wat hulle besluite op Bybelse beginsels baseer en Israel steun. Ek moedig julle aan om vir diegene te stem wat die heiligheid van lewe beskerm en die Bybelse definisie van die huwelik tussen 'n man en 'n vrou voorstaan. Stem vir Bybelse waardes en bid saam met my dat Amerika een nasie onder God se gesag sal bly." - Billy Graham



Stembrieffoute en stemme vir onafhanklike kandidate verwring statistiek

dié groepe is wat hulle steun aan Obama toegesê het.

Onverskilligheid die grootste probleem

Bedieninge wat pro-lewe- en pro-gesinswaardes voorstaan, het daarop gewys dat, ongeag of dit 'n republikein of konserwatiewe persoon is wat in die Withuis regeer, belangstelling in en steun vir konserwatiewe sake drasties afgeneem het.

Republikeine se beste tyd om steun te werf, te mobiliseer en met veldtogte te begin, was tydens die Clinton- en Obama-eras. Prakties-gesproke was die beste jare vir ernstige geestelike werk en opvoeding op grondvlak, tydens die termyne wat linksgesindes, soos Jimmy Carter, Bill Clinton en Barack Obama, die Withuis gedomineer het. Dit was die Morele Meerderheidsbeweging wat die dubbele oorwinning vir Ronald Reagan in 1980 en 1984 verseker het.

Vermy Uiterstes

Daar is twee uiterstes. Aan die een kant is daar diegene wat volhou dat daar geen probleem is nie. Hulle ignoreer die werklikheid van die mens se algehele sondigheid en rebellie teen God asook die verontagsaming van Sy Wette.

Aan die ander kant is daar diegene wat sonder hoop is. Hulle ignoreer die feit dat God Almagtig, Alwetend, Alomteenwoordig en Soewerein is. Hulle erken nie die krag wat in God se Woord, gebed, gehoorsame optrede en die Heilige Gees opgesluit is nie.

Herower die kultuur

Daar is natuurlik groot probleme, maar daar is áltyd hoop. *"Julle sien self in hoe 'n benarde posisie ons is. Jerusalem is verwoes en die stadsmure is verbrand! Maar kom ons begin die mure van Jerusalem herbou sodat ons nie langer verleë hoef te wees nie."* Neh 2:17.

Ons moet ook daarop wys dat dit nou die regte tyd vir geestelike werk is. Ons behoort ons mense tot dringende aksie aan te spoor en die kultuur wat opvoeding, vermaak en die nuusmedia bepaal, te hervorm. Ons kerke het Bybelse hervorming en geestelike herlewing dringend nodig.

"Jou mense sal puinhope herbou en die stede van voorheen herstel. Hulle sal jou noem: Herbouer van Gebreekte Mure, Hersteller van Strate en Huise." Jes 58:12. ■

Slegte tye is baie goed vir geestelike werk; ons behoort ons mense en kerke tot dringende aksie aan te spoor om dié kultuur terug te eis.

DR. PETER HAMMOND *sendeling, outeur en konferensiespreker. E-pos mission@frontline.org.za, besoek www.frontline.org.za of skakel hom by 021 689 4480.*

Wat ander Christen-leiers te se gehad het:

"Die verkiesingsuitslae en stemdata dui aan dat Barack Obama se evolusionêre siening oor die huwelik hom niks gekos het nie. Met sy eerste termyn in gedagte, is ons uiters bekommerd oor die tweede termyn wat voorlê omdat hy nooit weer die kiesers in die oë hoef te kyk nie."
–Albert Mohler

"Hoeveel konings het Hy sien kom en gaan? Hoeveel nasies het Hy sien staan en val? Hy is bokant dit alles. Hy sorg vir hulle almal. Hoewel andere benoud word, is ons nie. Ons bid!"
–Max Lucado